## 'n Tragedie wat ons orals om ons sien

**D**is onvermydelik dat reformatoriese kerke wat in dooie ortodoksie verval, "liberaal" sal word.

Dooie wortels vrot af, en dit maak so 'n kerk ankerloos.

Voorts dui doodsheid op "Gees-loosheid" — en dit beteken kragteloosheid en mettertyd radeloosheid.

Ankerloos en radeloos dryf so 'n kerk dan onafwendbaar in die rigting van pragmatisme ("enigiets wat werk") — die tweederangse oplossings van vals kerke en die wêreld.

***Nico van der Walt***